# 'N KURRIKULUM VIR DIE OPLEIDING VAN GESKIEDENISONDERWYSERS VIR MULTIKULTURELE SUID-AFRIKAANSE SKOLE*

*Dr. Maritz Broodryk*
*Departement Onderwysersopleiding, Universiteit van Port Elizabeth*

Onderwys in al sy fasette is tans in 'n proses van ingrypende verandering om aan te pas by 'n nuwe staatkundige bedeling. Dit is voor-die-handliggend dat daar in die opleiding van onderwysers eweneens aanpassings gemaak sal moet word. Teen hierdie agtergrond word die kurrikula vir die opleiding van primêre en sekondêre geskiedenisonderwysers onder die loep geneem om vas te stel of dit in die veranderde omstandighede nog toepaslik is. Dit is moontlik, ja selfs waarskynlik, dat die feit dat die opleiding van geskiedenisonderwysers nie tred gehou het met moderne ontwikkelinge en veranderde omstandighede nie een van die faktore is wat bygedra het tot die drastiese agteruitgang van die vak sedert die veertigerjare van hierdie eeu, gemeet aan die getal leerlinge wat dit vir die seniorsertifikaateksamen aanbied - tans ongeveer een uit elke vyf (Broodryk, 1991: 28-29).

## 1. Die huidige kurrikulum vir die opleiding van geskiedenisonderwysers

Geskiedenisonderwysers word opgelei aan die meeste van die sowat 121 opleidingsinrigtings in Suid-Afrika (NEPI, 1992: 5, ANC 1994: 48), uitsluitend die technikons; dus aan bykans alle universiteite en onderwyskolleges. Alhoewel onderwyskolleges sedert die laat sewentigerjare in 'n groot mate ontvoog is (Broodryk, 1990: 15-16), word dit steeds gesamentlik beheer deur spesifieke onderwysdepartemente en universiteite. Dit beteken egter nie dat universiteite wat onderwysersopleiding betref die vryheid het om te doen net wat hulle wil nie, want onderwysersopleiding hier te lande word streng beheer deur die grootste indiensnemer, die staat, en wel by wyse van 'n dokument *Kriteria vir die evaluering van Suid-Afrikaanse kwalifikasies vir indiensneming in die onderwys* (DOK, 1994). Hierdie dokument skryf die inhoud van onderwysersopleidingskursusse in groot detail voor. Dientengevolge is daar besondere groot ooreenkomste tussen alle onderwysersopleidingskursusse (NEPI, 1991: 16-17). As die voorskrifte van die huidige kriteria ontleed word, word die volgende gevind:

### 1.1 Geskiedenisonderwysers vir sekondêre skole

Geskiedenisonderwysers vir sekondêre skole word opgelei by wyse van 'n BA-graad plus 'n eenjarige nagraadse onderwysdiploma óf by wyse van 'n vierjarige geïntegreerde graadkursus óf by wyse van 'n vierjarige geïntegreerde diplomakursus. Die belangrikste elemente van dié kursusse, hoewel dit tussen verskillende inrigtings en tussen graad- en diplomakursusse kan wissel, kan soos volg saamgevat word:

Kennis:

* Vakkennis: kennis van twee akademiese vakke, waarvan een Geskiedenis sal wees tot minstens op tweedejaarsgraadvlak.
* Pedagogiese kennis: Kennis van die opvoedkunde wat aspekte van alle deeldissiplines moet insluit.
* Vakdidaktiese Kennis: kennis van die metodiek van twee skoolvakke, waarvan een Geskiedenis sal wees.

Vaardighede:

* Rekenaargeletterdheid
* Taalvaardigheid
* Praktiese onderwys, waartydens onderrigvaardighede ingeoefen moet word (D.O.K., 1994: 57-60, 63-64)

*Referaat gelewer tydens die vyfde tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Geskiedenisonderrig, Onderwyskollege Boland, Wellington, 30 September - 1 Oktober 1994.

Volgens 'n ondersoek gedoen in skole van die provinsiale onderwysdepartemente in 1966 deur die RGN (Liebenberg, 1971: 3) het bykans 68% van die onderwysers vir st. 6, meer as 85% vir sts. 7 en 8 en bykans 94% van die onderwysers vir sts. 9 en 10 oor dié minimumkwalifikasies of hoër beskik. Volgens 'n ondersoek van die RGN by wyse van 'n steekproef in skole van alle onderwysdepartemente het bykans 44% van die onderwysers vir sts. 7 en 9 in een onderwysdepartement, bykans 10% in 'n tweede, bykans 8% in 'n vierde teen 1991 nie oor die minimum-kwalifikasies beskik nie (Van der Merwe, Vermaak & Lombard, 1991: 9-13). In 'n ander ondersoek van die KOH in skole van die Administrasie Volksraad het nagenoeg 11% van die onderwysers vir sts. 8 en 10 nie oor genoemde minimumkwalifikasies beskik nie (Barnard, Breytenbach & Stemmet, 1991: 58-59).

1.2 Geskiedenisonderwysers vir primêre skole

Onderwysers vir primêre skole word opgelei by wyse van óf 'n vierjarige geïntegreerde graadkursus (wat in 'n hoë mate ooreenstem met die soortgelyke kursus vir die opleiding van geskiedenisonderwysers vir sekondêre skole), aangebied deur universiteite afsonderlik of saam met onderwyskolleges óf by wyse van driejarige or vierjarige geïntegreerde diplomakursusse, aangebied deur onderwyskolleges. Die belangrikste elemente van die diplomakursusse, opgesom, is:

Kennis:

* Pedagogiese kennis: kennis van die opvoedkunde wat alle aspekte van alle deeldissiplines insluit.

* Vakkennis:

▪ twee landstale;

▪ minstens vier akademiese skoolvakke, waarvan een Geskiedenis sal wees;

▪ een praktiese skoolvak.

Tot op derdejaarsvlak

▪ twee akademiese skoolvakke (of 'n praktiese skoolvak in plek van een akademiese vak) gelykstaande aan 'n eerstejaarsuniversiteitskursus.

Tot op vierdejaarsvlak

▪ bostaande word aangevul deur twee derdejaarsvakke na die vierde jaar uit te brei, gelykstaande aan tweedejaarsuniversiteitskursusse, en deur twee tweedejaarskursusse na die derde jaar uit te brei

* Vakdidaktiese kennis: word geïntegreerd saam met die vakinhoude onderrig

Vaardighede:

* Rekenaargeletterdheid
* Taalvaardigheid
* Praktiese onderwys (D.O.K., 1994: 43-51).

Die opleiding van geskiedenisonderwysers vir die primêre skool is dus veel meer gevarieerd as dié vir die sekondêre skool. Onderwysers vir dié skoolfase wat Geskiedenis onderrig kan kwalifiseer met dié vak op tweedejaar-, derdejaar- of vierdejaardipliomavlak óf graadvlak. Myns insiens moet 'n geskiedenisonderwyser minstens die vak op derdejaarkollegevlak geneem het. Alhoewel geen navorsing beskikbaar is oor die werklike posisie ten opsigte van die kwalifikasies van diensdoende geskiedenisonderwysers in primêre skole nie, kan aanvaar word dat alle onderwysers die vak onderrig met slegs tweedejaarkollegeopleiding of selfs minder.

## 2. Navorsing oor die eienskappe van die ideale of effektiewe geskiedenisonderwyser

Verskeie opvoedkundiges het hulle al oor hierdie aspek uitgelaat. In 'n artikel in die *Onderwysblad* (1958: 241-243) het Van Jaarsveld vyf vereistes van die ideale geskiedenisonderwyser uitgesonder. Enkele jare later het Van Jaarsveld en Rademeyer (1973: 143-153) veel dieper daarop ingegaan en minstens 16 eienskappe onderskeie. Gunter (1975: 99-101), in 'n reeks artikels oor Geskiedenis as skoolvak, het op sy beurt ses besondere eienskappe uitgelig. Ook Oosthuizen (1981: 242-248) het hierdie aangeleentheid onder die loep geneem en, alhoewel hy slegs 11 eienskappe aandui, is daar 'n verbasende ooreenstemming tussen sy gevolgtrekkings en dié van Van Jaarsveld & Rademeyer. In 'n Britse publikasie benader Nichol (1984: 33-55) hierdie aangeleentheid vanuit 'n ander hoek en beklemtoon die vaardighede waaroor 'n geskiedenisonderwyser behoort te beskik om effektief te wees.

Opvallend van al hierdie ondersoeke is die besondere ooreenkomste wat daar tussen die verskillende opvoedkundiges se sienings oor dié saak aangetref word. Dieselfde eienskappe word oor en oor aangetref. Inderdaad kan alle eienskappe wat voorgehou word in die volgende drie kategorieë gegroepeer word:

Kennis
Vaardighede
Gesindhede/houdinge

Die vraag is of hierdie eienskappe vandag nog geldig is en of die kurrikula wat vir die opleiding van geskiedenisonderwysers gebruik word, ontwerp is om vir die ontwikkeling van hierdie drie kategorieë eienskappe voorsiening te maak.

## 3. Kritiek op die huidige opleiding van Geskiedenis-onderwysers

Deur die jare heen het die opleiding van onderwysers, en spesifiek van geskiedenisonderwysers, periodiek in die kollig gekom. Kritiek is uitgespreek en/of leemtes is geïdentifiseer. So ver terug soos 1966 het Van Jaarsveld (1966: 23-26) beweer dat 'n leemte in die opleiding van geskiedenisonderwysers 'n gebrek aan 'n deeglike teoretiese fondament oor die ware aard en wese van die vak en sy werkswyse is.

'n Empiriese ondersoek van dieselfde jaar (Liebenberg, 1966: 23) beklemtoon dat geskiedenisonderwysers oor die regte gesindheid teenoor die vak moet beskik en bepleit die verbetering van die kwalifikasies van leerkragte. 'n Empiriese ondersoek van drie dekades later (Barnard, Breytenbach & Stemmet, 1991: 62) toon dat bykans 68% van die ondersoekgroep van mening was dat hul gebrekkige kwalifikasies hul geskiedenis-onderrig negatief beïnvloed het.

In die RGN se ondersoek van dieselfde jaar (Van der Merwe, Vermaak & Lombard, 1991: 11-13, 98-99, 111-112) weerspieël geskiedenisonderwysers se eie gevoelens 'n groot ontevredenheid by sekere groepe oor die geskiktheid van hul opleiding, veral met betrekking tot die vakdidaktiese aspek daarvan. Min het egter oor die vakinhoudelike opleiding gekla. Die gevoel is dat teoretiese inhoude oorbeklemtoon word en vaardighede afgeskeep word. 'n Verdere leemte is dat daar te min geleentheid vir praktiese ervaring geskep word.

Die onderwysvernuwingstrategie (DNO 1991 6:43) sluit hierby aan en beveel 'n studente-internskap aan, 'n aspek wat al vantevore telkemale uitgelig is. Voorts beveel dié dokument aan dat onderwysers opgelei moet word om veranderinge te kan hanteer.

Die verslag van die NECC (NEPI, 1992: 17) spreek 'n strawwe oordeel oor onderwysersopleidingskursusse in die algemeen uit en verwys na wydverspreide ontevredenheid daaroor waarvan die opleiers van Geskiedenisonderwysers moet kennis neem. Veral drie faktore is uitgelig:

* Die dominansie van fundamentele pedagogiek in opleidingskursusse.

* Min word gedoen "... to match students' learning with the educational need of the nation."

* "The syllabi stress content, and the emphasis invariably falls on the rote memorization of facts" (cf. ook ANC, 1994: 48-49).

## 4. 'n Analise van die huidige onderwyssituasie

'n Ontleding van die huidige onderwyssituasie in Suid-Afrika openbaar die volgende tersaaklike tendense wat die onderrig van Geskiedenis grootliks kan beïnvloed:

* Alhoewel die belangstelling in Geskiedenis op skool in sekere onderwysdepartemente sterk afgeneem het, is daar tog 'n groot belangstelling in die vak by skole van die DOO, wat 'n kenmerk is van die politieke stryd teen apartheidsonderdrukking (Cuthbertson & Grundlingh, 1992: 61).

* Veranderde houdinge in die Suid-Afrikaanse gemeenskap met betrekking tot die verlede. Al hoe meer erkenning word gegee vir bydraes van ander groepe as die blankes en ander beskawings as die Westerse in die ontwikkeling van Suid-Afrika. 'n Voormalige minister van Nasionale Opvoeding het juis standpunt ingeneem dat kurrikula die ervarings, ideale, waardes en aspirasies van alle gemeenskappe in Suid-Afrika moet verreken (*Die Volksblad*, 1990.01.11).

* Die toenemende demokratisering van Suid-Afrika sal dié proses bevorder en bespoedig en bydra tot die verbreding van die verledebeeld.

* Groot verwagtings bestaan by sommige gemeenskappe oor die inhoud van toekomstige sillabusse en die wyse waarop die vak in die toekoms onderrig sal word (Botha, 1992: 21). Verbeeldinglose onderrigleerstrategieë en veral die beklemtoning van feitekennis alleen, word sterk bevraagteken (Broodryk, 1994: 27-28).

* Die tendens om Geskiedenis meer bruikbaar of pragmaties ten behoewe van die ideale, standpunte en behoeftes van plaaslike gemeenskappe aan te wend (Botha, 1992: 21). Dit moet noodwendig lei tot 'n wye kurrikulum met talle keuse-opsies in 'n modulêre stelsel (Smit, 1991: 60-66) wat groot kurrikuleringseise aan elke onderwyser gaan stel.

Uiteraard sal hierdie situasionele tendense in die opleiding van Geskiedenisonderwysers verreken en aangespreek moet word.

## 5. Gevolgtrekking

As die kurrikula vir die opleiding van Geskiedenisonderwysers wat tans in gebruik is vergelyk word met die kenmerke van 'n ideale geskiedenis-onderwyser, veral as die kritiek op die opleiding van sodanige onderwysers ook in ag geneem word saam met die nuwe situasie in Suid-Afrika, word dit gou duidelik dat die hudige kurrikula nie meer heeltemal doelmatig is nie. Die volgende probleemareas kan uitgesonder word:

* Gebrekkige vakkennis by kwekeling-onderwysers omdat huidige kurrikula te eng, blanksentries en Eurosentries is.

* Gebrekkige kurrikuleringsvaardighede wat onderwysers nie bemagtig om as ware kurrikulumagente op te tree nie (Carl, 1994).

* Gebrekkige kennis van multikulturele onderwys.

* Opleiding wat té teoreties van aard is en nie genoeg aandag gee aan vaardigheids-verwerwing nie.

* 'n Onbevredigende werwing- en keuringstelsel wat nie daarin slaag om te verseker dat objektiewe, onbevooroordeelde individue met positiewe gesindhede en breë visies wat aanpasbaar is by veranderinge as potensiële geskiedenisonderwysers aanmeld nie.

## 6. Aanbevelings

Alhoewel nie alle kritiek op die opleiding van onderwysers geregverdig is nie, sal min opvoedkundiges met die volgende breë doelstelling vir onderwysersopleiding verskil: "[T]he curriculum should provide teachers with a well-rounded education, sound pedagogical content knowledge, and adequate time to develop their teaching styles, skills and capacity for reflective practice". (NEPI, 1992: 77). Om die doel te bereik sal opleidingsprogramme in geheel geherstruktureer moet word. As tussentydse maatreël word die volgende aanbevelings gemaak:

* Onderwysers se akademiese vakkennis moet verbreed word om meer as net blank- en Eurosentriese inhoude in te sluit en opleidingskurrikula moet verbandhoudend met dié van die skool wees.

* Onderwysers se kurrikuleringsvaardighede moet uitgebrei word deur die instel van 'n verpligte kursus in kurrikulumontwerp om hulle so te bemagtig vir die aanpassing van kurrikula by plaaslike behoeftes en die ontwerp van eie modules.

* Onderwysers se kennis van multikulturele onderwys moet uitgebrei word deur die instel van 'n verpligte kursus in multikulturele onderwys soos wat in sekere state van die VSA gevolg word (Du Toit, 1992: 158-160; Woodbridge, 1994: 65-68).

* Klem moet verskuif vanaf opvoedkundige vakinhoude na vaardigheidsverwerwing tydens die instituutpraktikum wat tydens die skoolpraktikum verder toegepas en ingeoefen word.

* Die uitbreiding van die praktiese onderwysstelsel na 'n studenteinternskap (DNO, 1991 6:43) verkieslik in multikulturele skole.

* Dit is 'n ope vraag of ons wat geskiedenisonderwysers vir die sekondêre skool betref nie aan die einde gekom het van die eenjarige nagraadse onderwysdiploma nie en of ons nie finaal moet oorgaan na 'n geïntegreerde of gelyklopende struktuur of model nie.

* Die werwing en keuring van aspirant-geskiedenisonderwysers moet baie meer aandag kry.

## Bronnelys

ANC. 1994. *A policy framework for education and training*. Braamfontein: ANC Education Department.

Barnard, S.L. Breytenbach, H.J.L. Stemmet, J.F. 1991. *Die hudige stand van die vak Geskiedenis op skoolvlak in blanke hoërskole in die Republiek van Suid-Afrika: 'n opname-ondersoek.* Bloemfontein: UOVS.

Beckman, J.L. 1991. "Relevante onderwysersopleiding in 'n multikulturele onderwysgemeenskap." *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde,* 11(4), November.

Botha, C.B. 1992. "Geskiedskrywing en Geskiedenisonderrig: 'n Namibiese perspektief". Referaatbundel, 1992-kongres van die S.A. Historiese genootskap. Bloemfontein: UOVS.

Broodryk, M. 1994. "Die verwerwing van historiese vaardighede: 'n kurrikulumontwikkelings-perspektief". *Gister en Vandag*, No 17 Mei.

Broodryk, M. 1990. "Missie en taak van die onderwyskollege en sy plek as tersiêre inrigting in die RSA". *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 10(1) Februarie,.

Broodryk, M. 1991. "'n Historiese kultuur vir Suider-Afrika. *Gister en Vandag*, No 21, April.

Carl, A.E. 1994. "Die bemagtiging ('empowerment') van die onderwyser as kurrikulumagent." Referaat gelewer tydens die OVSA-kongres, 12-14 Januarie 1994 in Stellenbosch.

Cuthbertson, G. & Grundlingh, A. 1992. "Some problematical issues in the restructuring of History education in South African schools." *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, No 26, Mei.

Departement van Onderwys en Kultuur. 1994. *Kriteria vir die evaluering van Suid-Afrikaanse kwalifikasies vir indiensneming in die onderwys*. Pretoria: geen uitgewer.

*Die Volksblad*, 1990.01.11.

DNO. 1991a. *Onderwysrealiteite in Suid-Afrika 1990*. Pretoria: Departement van Nasionale Opvoeding.

DNO. 1991b. *Onderwysvernuwingstrategie: Bespre-kingsdokument*. Pretoria: Departement van Nasionale Opvoeding.

Du Toit, P.J. 1992. "Multi-kulturele/gedesegregeerde onderwys". *Die Unie*, 88(7), Februarie.

Gunter, C.F.G. 1975. "Oor geskiedenis as skoolvak". *Die Unie*, 72(3), September.

Liebenberg, C.R. 1971. *Die onderrig van Geskiedenis aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966* (verslag nr. 0-11). Pretoria: RGN.

National Education Policy Investigation (NEPI). 1992. *Teacher Education. Report of the NEPI teacher Education research group*. Cape Town: Oxford University Press/NECC.

Nichol, J. 1984. *Teaching History. A teaching skills workbook*. London: Macmillan.

Oosthuizen, C. 1981. *Understanding History method*. Johannesburg: Educum.

Smit, H.J.M. 1991. *'n Voorlopige ondersoek na basiese oorwegings by die ontwerp van Geskiedeniskurrikula vir 'n multikulturele onderwysopset* (M.Ed.-skripsie). Port Elizabeth: UPE.

Van der Merwe, A., Vermaak, A. & Lombard, S. 1991. *An empirical investigation into the teaching of History in the RSA*. Pretoria: HSRC.

Van Jaarsveld, F.A. 1966. *Geskiedenis as skoolvak*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Van Jaarsveld, FA. 1958. Oor die vereistes van die ideale Geskiedenisonderwyser. *Onderwys-blad*, LX11 (708) Oktober.

Van Jaarsveld, F.A. & Rademeyer, J.J. 1973. *Teorie en metodiek vir Geskiedenisonderrig*. Johannesburg: Perskor.

Woodbridge, N.B. 1994. "Towards a teacher-training model for multicultural education: evaluating a California course by utilising the pedagogics structure". *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 14(2) Mei.

---

Geskiedenis as aktuele verlede is die spieël waarin die hede kyk om iets vir die toekoms te leer.

Jörn Rüsen: Meta-history, p. 67. RGN, Pretoria, 1994.